

Seertand-olifant se operasie 'n sending van groot omvang

Ben Pretorius, Omgewingsverslaggewer

Toe Shirra, een van die omstrede Tuli-olifante van mnr. Riccardo Ghiazza, tandpyn gekry het, was dit nie bloot 'n geval van gou tandarts toe gaan nie.

'n Hyskraan moes vir dié olifantjie van sewe jaar gehuur word sodat sy en haar ysterkrat op 'n vragmotor gelaai kon word.

Daarna is sy van Hartbeespoort af na die Universiteit van Pretoria se fakulteit veeartsenykunde by Onderstepoort geneem waar 'n span van twaalf mense reggestaan het om haar tand gesond te dokter.

Dit is slegs die tweede operasie aan 'n olifanttand in Afrika. Die eerste is twee weke gelede ook by Onderstepoort gedoen. Die operasie is toe by die hou-area gedoen waar diere verdoof word voordat hulle die teater binnegaan.

Danksy die ondervinding wat die span met die eerste probeerslag opgedoen het, is Shirra verdoof en toe met die spesiale hyskraan opgehys en tot binne die teater vervoer.

Beeld en 'n TV-span van 50/50 is gister vir die eerste keer toegelaat om die operasie af te neem.

'n Olifanttand-operasie is die eerste keer sowat twintig jaar gelede in Europa gedoen. Danksy verbeterde tegnieke was Shirra se operasie baie meer gevorderd.

Volgens "dr. Gerhard", die "diere-tandarts" wie se naam om etiese rede nie genoem mag word nie, is 'n studie gedoen wat dui daarop dat tot 5% van olifante breuke in hul tande kry.

"Die abses wat hulle kan opdoen, versprei jare lank en dit gebeur dat dié diere kan doodgaan," sê hy.

Die eerste olifant, wat twee weke gelede geopereer is, het merkbaar gekalmeer ná die operasie, sê Ghiazza.

Shirra se slagrand het vermoedelik reeds in die Tuli-blok gekraak.

Die kraak het tot binne haar tandholte gestrek, waar dit 'n abses gevorm het. Dr. Gerhard het die tand van sowat 8 cm stomp afgesny en die abses skoongemaak. Net soos met 'n mens se tand, is die tandholte toe gestop.

Omdat 'n olifant se tand van agter in die kop groei, sal die stomp tandjie vorentoe gedruk word en sal haar tand heeltemal normaal kan ontwikkel.

Ghiazza kon nie sê hoeveel die operasie gekos het nie. Hy het ook nog nie die eerste operasie se rekening gekry nie, maar het gesê hy twyfel of dit goedkoop sou wees.

"Shirra sou beslis nie dié behandeling gekry het as sy in die Tuli-blok gebly het nie," het Ghiazza opgemerk.

bpretori@beeld.com

OLIFANTE